# DIE APARTHEIDSVERKIESING VAN NOVEMBER 1948 IN DIE OOS-KAAPSE NATURELLE-KIESKRING

**F.A. Mouton**
*Universiteit van Suid-Afrika*

*SUMMARY*

The Apartheid Election of November 1948 in the Eastern Cape Native Electoral Circle

Since the acceptance of the *Representation of Natives Act* in 1936 the National Party (N.P.) was opposed to the representation of blacks by three whites in the House of Assembly. During the 1948 election the N.P. campaigned for their removal. After the N.P.'s victory at the polls they surprised friend and foe by deciding to contest the native elections with independent N.P. candidates. The reason for this surprising move was that the N.P. hoped to enlarge their slender majority in Parliament. Although independent N.P. candidates contested all three circles, all eyes were focused on the Eastern Cape election where the respected liberal and parliamentarian, Margaret Ballinger, was opposed by the N.P.'s strongest candidate, dr P.J. Schoeman. Dr Schoeman, a former professor in Anthropology and a well-known Afrikaans writer, waged a furious campaign. In contrast to the N.P.'s motivation for participating in the election, Schoeman personally was motivated by the idea to help the blacks and to show the merits of apartheid. The result of this was a fierce debate in the black community over the question whether to support or reject apartheid. In the end it was a shattering defeat for Schoeman and the philosophy of apartheid. Thus ended in humiliation, one of the few attempts by the N.P. to canvass the blacks' support for apartheid.

## Die Nasionale Party en die stelsel van Naturelleverteenwoordiging

Die Nasionale Party (N.P.) was vanaf die instelling van die *Naturelleverteenwoordigingswet* van 1936 teen die verteenwoordiging van swartes in die Volksraad gekant. Die *Naturelleverteenwoordigingswet* het die swart kiesers van die gemeenskaplike kieserslys verwyder en vir hulle verteenwoordiging in die Parlement deur middel van drie blanke Volksraadslede en vier senatore voorsiening gemaak.[1] Volgens dr D.F. Malan, leier van die N.P., sou die drie verkose blanke Volksraadslede (L.V.'s) wat as die swartes se verteenwoordigers moes optree, slegs agitators vir die uitbreiding van Naturelleregte word. Maar nieteenstaande hierdie teenkanting van Malan en sy party het hul tog die wetsontwerp tydens die stemming vir die instelling van die drie blanke Naturelleverteenwoordigers gesteun.[2] Die N.P. se dubbelsinnige optrede was gemotiveer deur die party se besorgdheid

1. 'n Kort uiteensetting van die stelsel vir verteenwoordiging is alreeds gegee in 'n vorige artikel in *Historia* van November 1986 getiteld: "Margaret Ballinger Se Verkiesing In 1937 As Oos-Kaapse Naturelle-Verteenwoordiger", p. 61.
Vir 'n verkorte weergawe van die Parlementêre debatte oor die Naturelleverteenwoordigingswet van 1936 raadpleeg Dian Joubert: *Die Kaapse Stemreg*, (Kaapstad, 1973), pp. 63—64.

oor blanke oorlewing. Die wet is gesien as 'n geleentheid om van die swartes op die gemeenskaplike kieserslys ontslae te raak en sodoende die blanke se posisie te "beveilig". Die teenstrydigheid in die party se optrede het egter daarna voortgeduur, want tydens die algemene verkiesing van 1938 het hy hom alreeds vir die verwydering van die Naturelleverteenwoordigers in die Volksraad beywer.[3]

Die verkose Naturelleverteenwoordigers se teenwoordigheid in die Volksraad het die N.P. se antagonisme teen die idee van Naturelleverteenwoordiging nog verder verhoog. Die eerste verteenwoordigers was die liberaliste V.M.L. Ballinger (Oos-Kaap), D.B. Molteno (Wes-Kaap) en G.K. Hemming (Transkei). Hulle was almal uitstekende parlementariërs wat die swarte se belange met entoesiasme en bekwaamheid verteenwoordig het en kon tereg as kenners van die swartes beskou word. Hulle pleidooie vir 'n beter behandeling van die swartes het die blanke L.V.'s egter nie beïndruk nie.[4] Lede van die N.P. het dan ook minagtend na die Naturelleverteenwoordigers as die "kafferlede" verwys.[5] Volgens die N.P. het die liberale Naturelleverteenwoordigers ook nie na die belange van die swartes omgesien nie, maar was hulle slegs agitators wat die swartes tot verset en agitasie vir meer regte opgesteek het. Sonder die Naturelleverteenwoordigers, aldus die N.P., sou die swartes polities apaties en tevrede gewees het.[6] 'n Gebeurtenis wat die N.P. se teenkanting teen Naturelleverteenwoordiging nog verder laat styg het was dié drie lede se ondersteuning van die oorlogsmosie van September 1939. Hierdie optrede van die Naturelleverteenwoordigers in die sogenaamde blanke politiek het die N.P. nooit vergeet nie. Daarna was die vermindering van die verteenwoordigers se magte en hul afskaffing 'n belangrike doelwit van die N.P.[7] Aansluitend daarby het die N.P. die Naturelleverteenwoordigers, veral Margaret Ballinger, slegs as verskuilde Verenigde Party (V.P.)-ondersteuners beskou wat anti-Afrikaner- en anti-nasionaalgesind was.[8] In die oë van die N.P. was die lot van die Naturelleverteenwoordigers nou verseël en het Malan hom tydens die parlementêre sitting van 1940 weer eens vir die verwydering van die Naturelleverteenwoordigers uitgespreek.[9]

Die N.P. se teenkanting teen die Naturelleverteenwoordigers het in 1947 met die party se Kleurvraagstuk-Kommissie onder leiding van Paul Sauer 'n hoogtepunt bereik. Dit was dié bekende kommissie wat die benaming apartheid aan die N.P. se rassebeleid gegee het. In die kommissie se verslag is dit uitdruklik gestel dat Naturelleverteenwoordiging in die Volksraad afgeskaf moes word.[10] Die afskaffing van naturelleverteenwoordigers was dan ook 'n prominente deel van die N.P. se 1948-verkiesingsmanifes.[11] Tydens die voorverkiesingsessie van die Parlement in 1948 het Malan dit ook uitdruklik

3. P.W. Coetzer, J.H. le Roux (reds): *Die Nasionale Party,* Deel 4, (Bloemfontein, 1986), pp. 51—52, p. 149.
4. B. Friedman: *Smuts, a Reappraisal,* (Johannesburg, 1975), p. 123.
5. M. Ballinger: *From Union to Apartheid,* (Kaapstad, 1969), p. 10.
6. B.K. Long: *In Smuts' Camp,* (London, 1945), p. 97; J.J. van Rooyen: *Die Nasionale Party. Sy Opkoms en Oorwinning — Kaapland se Aandeel,* (Kaapstad, 1956), p. 262.
7. M. Ballinger: *From Union to Apartheid,* p. 389; G.D. Scholtz: *Dr Nicolaas Johannes van der Merwe* 1888—1940, (Johannesburg, 1944), p. 367.
8. V.M.L. Ballinger: The Native Representative and The House of Assembly, (Political Representation of Africans In The Union, *New African Pamphlet No. 4,* South African Institute of Race Relations, 1942), p. 21; Onderhoud met dr W.C. du Plessis, voormalige L.V. vir Standerton (1948—1954), 31/7/1986.
9. M. Ballinger: *From Union To Apartheid,* p. 128.
10. Universiteit van Pretoria, De Wet Nel Versameling, Houer 4: Verslag van die Kleurvraagstuk-Kommissie Van die Herenigde Nasionale Party, p. 14.
11. *Ibid.*, Houer 39: Nasionale Party se Kleurbeleid, (Pamflet).

gestel dat die afskaffing van Naturelleverteenwoordiging in die Volksraad 'n belangrike oogmerk van die N.P. was.[12]

Na die N.P. se skokoorwinning in 1948, wat veral aan die verkondiging van apartheid te danke was, is gevrees dat die Naturelleverteenwoordigers so spoedig as moontlik afgeskaf sou word. In plaas daarvan was belangstellendes verstom toe lede van die N.P. hul as kandidate vir die verkiesing van November 1984 as Naturelleverteenwoordigers beskikbaar gestel het.[13] (Die verkiesing van Naturelleverteenwoordigers het van meet af nooit gelyktydig met die algemene verkiesing plaasgevind nie. Die idee was dat die "blanke" en "swart" politiek van mekaar "geskei" moes word.) Dit het geskied onder die vaandel van onafhanklike nasionaalgesinde kandidate wat dus nie amptelike kandidate van die N.P. was nie. Die pers en Opposisie is egter nie deur die sogenaamde onafhanklikheid van die kandidate geflous nie en dus is die N.P. vir sy opportunisme gekritiseer. E.G. Jansen, die minister van Naturellesake, asook die nasionaalgesinde koerante het dit egter ten sterkste ontken dat hul N.P.-kandidate was en daarop gewys dat die party niks met hulle te doene gehad het nie.[14] In werklikheid was die nasionaalgesinde kandidate egter wel deur die N.P. onder die dekmantel van onafhanklikes genomineer. Dr. P.J. Schoeman, die kandidaat in die Oos-Kaapse Naturelle-kieskring, het tydens 'n onderhoud in 1987 dit onomwonde gestel dat hy deur Jansen genader is om hom as 'n kandidaat beskikbaar te stel.[15]

Etlike redes kan vir die N.P. se besluit om aan die Naturelleverkiesing deel te neem, aangevoer word. Eerstens wou die N.P. die beleid van apartheid aan die swartes oordra en die negatiewe propaganda neutraliseer.[16] Daar is ook gehoop om die dienende liberale Naturelleverteenwoordigers met Afrikanernasionaliste te vervang en sodoende van die N.P. se vernaamste kritici in die Parlement ontslae te raak. Laastens het politieke opportunisme 'n belangrike rol gespeel deurdat die N.P. 'n skrale meerderheid van vyf setels in die Volksraad gehad het en die verowering van die naturellekieskringe hul meerderheid met drie kon vergroot. Die desperaatheid van die N.P. om hul meerderheid te vergroot blyk uit hul nie-amptelike toenadering tot Oscar Wollheim, die aanvanklike gunsteling om die Transkeise kieskring te verower. Wollheim, 'n liberale Afrikaner, is die aanbod gemaak dat, in ruil vir sy stem in die Volksraad, die N.P. hom nie sou opponeer nie en selfs al sy verkiesingsonkostes sou dra. Wollheim het die aanbod egter met minagting verwerp.[17]

### Die kandidate in die Oos-Kaapse Kieskring

Die N.P. se nie-amptelike kandidaat vir die Oos-Kaap was dr P.J. Schoeman wat die party se sterkste kandidaat in die naturelleverkiesing was. 'n Sterk kandidaat in die Oos-Kaap was 'n noodsaaklikheid aangesien die sittende L.V. die formidabele Margaret Ballinger was wat 'n indrukwekkende reputasie as 'n liberalis en as een van die beste parlementariërs in Suid-Afrika opgebou het en vir jare 'n doring in die vlees van die N.P. was. Haar afwesigheid uit die Volksraad sou 'n ekstra bonus vir die N.P. wees. Dr. Schoeman was self 'n indrukwekkende persoonlikheid wat van kindsbeen 'n Afrikaner-nasionalis in

12. Debatte van die Volksraad 1948, Kol. 62, 71—74.
13. *Cape Times*, 9.8.1948: Nationalist Prospects in Ciskei Election; *Cape Argus*, 10.8.1948: Nationalist Gamble For Native Votes.
*Die Oosterlig*, 13.8.1948: Debatte van die Volksraad 1949, Kol. 282, 287; Bespotlik.
15. Onderhoud met dr P.J. Schoeman, 23/1/1987.
16. Debatte van die Volksraad 1949, Kol. 1739, 1747.
Universiteit van Kaapstad, O.D. Wollheim Papers: D.D. Wollheim — D.M. Buchanan, 1/9/1948; Onderhoud met dr P.J. Schoeman, 23/1/1987.

murg en been was. Sy oupa was die bekende generaal Stefanus Schoeman wat 'n tyd lank waarnemende president van die Z.A.R. was. Schoeman het as 'n arm plaaskind groot geword, maar reeds op 34-jarige leeftyd tot departementshoof van die Departement Volkekunde en Bantoetale aan die Universiteit van Stellenbosch gevorder. Hier het hy 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die apartheidsfilosofie gespeel. Intussen het Schoeman 'n deeglike kennis oor die swarte opgebou en was hy vlotsprekend in 'n aantal Afrika-tale. In sy jonger dae het hy selfs Afrika te voet deurkruis en ongeveer 2 500 myl (4 000 km) afgelê in 'n poging om meer van die swarte te wete te kom. Buite die volkekundige terrein het Schoeman ook met sy jag- en diereverhale, boeke soos *Drie Jong Jagters, Die Swerwerjagter, Mboza die Swazi, Die Jagterprins* en ander jagverhale groot bekendheid in die Afrikaanse letterkunde verwerf. In 1947 het hy die Universiteit van Stellenbosch verlaat met die doel om hom voltyds aan sy skrywery te wy.[18]

Tydens sy tydperk by die Universiteit van Stellenbosch het Schoeman, soos reeds vermeld, 'n prominente aandeel in die ontwikkeling van die apartheidsfilosofie gehad en hy het idealisties geglo dat dit die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk sou wees. Volgens Schoeman was dit die blanke se godgegewe taak om 'n oplossing vir die rasseprobleem te vind anders sou die blanke onder 'n vloedgolf van swartes verdwyn. Die oplossing in terme van apartheid was totale skeiding tussen die rasse en selfregering vir die swartes in hul eie gebiede.[19] In die oë van die N.P. was Schoeman weens sy deeglike kennis van die swarte en die apartheidsfilosofie die ideale kandidaat. Nieteenstaande sy onervarendheid as 'n politikus het hy hom bereidwillig verklaar om met die apartheidsfilosofie as basis as kandidaat te staan. Schoeman het dit as sy persoonlike plig geag om 'n oplossing vir die naturellevraagstuk daar te stel en sy persoonlike integriteit om die swarte van hulp te wees, soos dit tydens die verkiesing duidelik gebly het, was bo enige verdenking. 'n Verdere motivering vir Schoeman was dat hy gevoel het dat beide Jansen en Malan geen begrip vir die naturelleproblematiek gehad het nie en hy het gehoop dat sy kandidatuur ook hierdie tekortkoming ten opsigte van die swartes kon aanvul.[20]

## Die nominasie

Aangesien die N.P. se deelname aan die Naturelleverkiesing 'n groot verleentheid vir die party kon word, het Schoeman se nominasie so plaasgevind dat die N.P. nie openlik betrokke was nie. Tydens sy nominasie het die N.P. dan ook nêrens ter sprake gekom nie. Schoeman is deur S.M. Bennet Ncwana namens die "African Parliamentary Voters Association", 'n feitlik onbekende swart organisasie, genomineer. Uit sy loopbaan is dit duidelik dat Ncwana 'n opperste politieke opportunis was. Hy was die produk van 'n Metodistekerkskool in Aliwal-Noord waar hy standerd ses geslaag het, waarna hy onderskeidelik 'n winkeleienaar en polisieman was.[21] Tydens die Eerste Wêreldoorlog was hy 'n lid van die South African Native Labour contingent in Frankryk.[22] Die Suid-Afrikaanse Polisie (S.A.P.)

18. P.J. Nienaber: *Hier Is Ons Skrywers,* (Johannesburg, 1949), p. 362; F.V. Lategan: *Skrywers in Woord en Beeld,* (Johannesburg, 1979). *Die Oosterlig,* 10.8.48: Bestudeer naturellevraagstuk Reeds Twintig Jaar. Vir P.J. Schoeman se bydrae tot die ontwikkeling van die apartheidsfilosofie kyk bv. na sy artikel, Territoriale Segregasie: Enigste Doeltreffende Naturelle Beleid vir Suid-Afrika, *Wapenskou,* Junie 1941.
19. *Die Oosterlig,* 6.7.48: Dr P J Schoeman Kandidaat in Oostelike Kaap.
20. Telefoniese onderhoud met dr P.J. Schoeman, 8/4/1986.
21. A.M. Grundlingh: Die Suid-Afrikaanse Gekleurdes en die Eerste Wêreldoorlog (Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1981), p. 211.
22. *Ibid.,* p. 211; P.L. Wickins: *The I.C.U. of Africa,* p. 76.



*P.J. Schoeman in 1948.*
(FOTO WAT OP SY MANIFES VERSKYN HET)



*Margaret Ballinger*
(UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND)

het weer beweer dat hy 'n gevangenistermyn van vyf jaar vir diefstal uitgedien het.[23] Wat wel oor Ncwana bekend was, was dat hy een van die eerste I.C.U. ondersteuners was, dat hy later 'n bittere opponent van die vakbond geword het, en dat hy die redakteur van die koerant *The Black Man* was wat die polisie se aandag op hom gevestig het.[24] Later was Ncwana ook vir 'n tydperk die president van die "Cape Native Voters Association".[25] Mettertyd het Ncwana egter sy politieke reputasie skade berokken weens sy voortdurende verwisseling van organisasies vir sy eie gewin. Die verkiesings in terme van die *Naturelleverteenwoordigingswet* van 1936 het sy opportunisme verdere beweegruimte verskaf aangesien sy dienste as 'n professionele verkiesingsorganiseerder vir 'n prys deur enige blanke kandidaat tydens 'n verkiesing verkry kon word. Diegene wat Ncwana geken het, het dit ook onomwonde gestel dat hy slegs Schoeman se kandidatuur vir sy eie finansiële gewin ondersteun het.[26]

Volgens Ncwana se weergawe van die nominasie het hy Schoeman genader om hom as 'n kandidaat beskikbaar te stel aangesien Margaret Ballinger weens haar beweerde assosiasie met die V.P. nie meer die belange van die swartes verteenwoordig het nie. Volgens Ncwana was die V.P. se belange in die oë van Ballinger belangriker as dié van die swartes. Dié waarneming het hy gemaak na aanleiding van 'n uitlating deur Ballinger wat heeltemal uit verband geruk is. Sy het slegs verklaar dat die naturelleverteenwoordigers hulle by die V.P. sou skaar in die stryd teen apartheid. Dit het glad nie beteken dat die naturelleverteenwoordigers hul politieke onafhanklikheid ten gunste van die V.P. sou inboet nie.[27] Ncwana het sy optrede om Schoeman te nomineer verder gemotiveer deur te verklaar dat die swartes gewoonlik die regering van die dag steun en dus nasionaalgesinde kandidate na die Parlement moes afvaardig. In 'n poging om die N.P. se betrokkenheid te verberg het Schoeman voorgegee dat hy na Ncwana se vertoë vir D.F. Malan en Jansen oor sy moontlike kandidatuur gaan spreek het. Beide het glo daarop hul goedkeuring en aanmoediging uitgespreek met die hoop dat hy die positiewe kant van apartheid aan die swartes sou oordra.[28]

Hoewel die N.P. voorgegee het dat hy nie by die nominasieproses betrokke was nie het belangstellendes met gemak deur die rookskerm gesien. Reeds op 28 September 1948 het Edgar Brookes die N.P. in die Senaat oor hul kandidate gekonfronteer — waarop die party ten sterkste ontken het dat hy by enige kandidate betrokke was.[29] Die N.P. se deelname aan die naturelleverkiesing sou die party veral tydens die 1949-sitting groot verleentheid besorg toe Piet van der Byl, voormalige minister van Naturellesake, die N.P. genadeloos oor hul politieke opportunisme gekasty het. Tydens die Provinsiale verkiesing van 1949 was die deelname van die N.P. aan die naturelleverkiesing ook 'n gerieflike wapen

23. Sentrale Argiefbewaarplek (S.A.B.): Departement van Justisie, Houer 67, Lêer 3/1064/18: Kommissaris van die S.A.P. — die Minister van Justisie, 30/11/1920.
24. *Ibid.*, Kommissaris van die S.A.P. aan die Minister van Justisie, 27/8/1920; 27/1/1921.
25. P.L. Wickins: *The I.C.U. of Africa*, p. 76.
26. Die Universiteit van die Witwatersrand, The Ballinger Papers (Hierna sal slegs na UW/Ballinger verwys word): B2.5.28, S.P. Sesedi — M. Ballinger, 24/8/1948; B2.16.2 (Lêer 6); J.L. Nikiwe — M. Ballinger, 4/9/48; J.L. Nikiwe aan M. Ballinger, g.d.
27. UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger aan J.A. Calata, 28/8/1948.
28. Debatte van die Volksraad 1949, Kol. 1738—1739; *Star*, 5.2.1948: Dr Schoeman Explains How Xosa Election Pamphlet Came to be Issued.
29. Debatte van die Senaat 1948, Kol. 1599—1600.

wat die V.P. herhaaldelik teen die N.P.-kandidate aangewend het.[30]

Die amptelike aankondiging van Schoeman se kandidatuur het intussen groot verbasing en verontwaardiging onder die swartes en liberale blankes uitgelok.[31] Vir Margaret Ballinger was die onverwagte opposisie 'n skok aangesien sy gehoop het om, soos in 1942, onbestrede verkies te word. Sy was nie 'n "politieke dier" nie, maar eerder 'n politieke kruisvaarder vir die swartes wat 'n absolute weersin in verkiesingsveldtogte gehad het. Verder was haar man, W.G. Ballinger, in 'n uitmergelende en duur verkiesingstryd vir die Senaatpos van Naturelleverteenwoordiger vir die Transvaal en Oranje-Vrystaat betrokke. Sy het dus nie die energie, tyd of finansies vir nog 'n verkiesingsveldtog gehad nie.[32] Daarby het die vergroting van die Oos-Kaapse kieskring die gedagte van 'n verkiesing nog onaangenamer gemaak.[33] Die swartes van die Oos-Kaap het egter anders oor die verkiesing gevoel. Dit was reeds elf jaar sedert hulle in 1937 'n betwisbare parlementêre verkiesing gehad het, en hulle het dus na een uitgesien.[34]

Dit was seker ook nie toeval dat Schoeman sy kandidatuur op 6 Augustus 1948 aangekondig het nie. Die 6de was die amptelike opening van die eerste sessie van die tiende Parlement wat beteken het dat Ballinger tot die verdaging van die Volksraad op 2 Oktober 1948 nie aktief aan die verkiesingsveldtog kon deelneem nie. Die rede hiervoor was dat Ballinger 'n abnormale swaar werkslas moes dra weens die posisie van die twee ander Naturelleverteenwoordigers. Donald Molteno (Wes-Kaap) het voor die verkiesing sy uittrede uit die politiek aangekondig en dus meer belangstelling in die heropbou van sy regspraktyk getoon. Douglas Buchanan (Transkei) was weer 'n onervare L.V. wat maar eers in 1947 tot die Parlement verkies was en reeds vir sy politieke loopbaan in die aankomende verkiesing moes veg. Ballinger het dus geringe ondersteuning van haar medenaturelleverteenwoordigers verkry en moes so te sê eiehandig die belange van die swartes in die Volksraad verteenwoordig. Onder sulke omstandighede het sy dus net nie die tyd gehad om enige aandag aan haar eie verkiesing te skenk nie.[35]

Buiten Schoeman was daar gerugte van ander potensiële kandidate. Hier is veral die naam van die kommunis Betty Sacks, die voormalige stadsraadslid van Kaapstad en redaktrise van die *Guardian*, genoem.[36] Hierdie gerug was ontstellend vir Ballinger aangesien Sacks aansien en 'n reputasie van bekwaamheid onder die swartes geniet het. Daarby het die kommuniste in die provinsiale verkiesing van 1943 heelwat steun in die Oos-Kaapse kieskring verkry. Archie Muller, die kommuniste se kandidaat, het net-net met 1 148 stemme teenoor die 1 344 van die sittende L.P.R., H. Burman, verloor.[37] 'n Kommunistiese kandidaat soos Sacks het dus 'n daadwerklike gevaar vir Ballinger ingehou. Die kommuniste se respek vir Ballinger was egter van so 'n aard dat dit onwaarskynlik was dat daar

30. Debatte van die Volksraad 1949, Kol. 138—145; Die Verenigde Party-Argief, Universiteit van Suid-Afrika (hierna slegs V.P./Unisa), U.P. Private Collection: O.A. Oosthuizen-versameling, Dr E.G. Jansen, Die Nasionaliste Se Minister van Naturellesake, Vry Na Die Naturelle se Stem (Pamflet); P. van der Byl: *The Shadows Lengthen*, (Kaapstad, 1973), pp. 81—82.
31. *Guardian*, 12.8.1948: Most Amazing Effrontery. *The Mercury*, King Williams Town, 7.8.1948: H.N.P. Drops Political Bomshell; *Saturday Post*, 7.8.1948: Nat Move To Contest Native Seats Causes Surprise.
32. UW/Ballinger, B2.8.19: M. Ballinger aan M.T. Soga, 16/7/1948; B2.5.13, M. Ballinger aan J Calata, 12/8/1948; B2-5-21, M. Ballinger aan A.W. Ranana, 30/7/1948.
33. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 4): M. Ballinger — S.G. Mthembu, 20/4/1948.
34. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula — M. Ballinger, 20/9/1948.
35. UW/Ballinger, B2.5.37: M. Ballinger — Dr Bokwe, 17/9/1948.
36. UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger — J.A. Calata, 12/8/1948; B2.8.20: A.Z. Tshiwula — M. Ballinger, 12/7/1948.
37. B. Bunting: *Moses Kotane, South African Revolutionary*, (London, 1975), p. 114.

enige waarheid in die gerug oor Sacks se kandidatuur gesteek het. Uiteindelik was dit dus slegs 'n stryd tussen Schoeman, die eksponent van apartheid, en Ballinger, liberale kampvegter teen segregasie en diskriminasie.


**Die verkiesingstryd**

Die stryd tussen Schoeman en Ballinger was 'n belangrike gebeurtenis in die Oos-Kaap aangesien dit 'n ideologiese stryd in plaas van bloot 'n keuse tussen persoonlikhede was. Dit was die stryd tussen totale segregasie of die verwerping daarvan. Ballinger se houding was dat sy nie intensief aan die verkiesing sou deelneem nie; sy het dit gesien as 'n ideologiese stryd tussen twee alternatiewe: apartheid, dit wil sê partisie, of 'n verenigde Suid-Afrika sonder 'n kleurslagboom, waaroor die swartes self uitspraak moes gee. 'n Oorwinning vir Schoeman sou dus 'n oorwinning vir apartheid wees.[38]

Aansluitend by die ideologiese strydpunt het die partypolitiek ook vir die eerste maal in die Oos-Kaapse naturelleverkiesing neerslag gevind. Met die N.P. wat Schoeman gesteun het, het die V.P. op aandrang van genl. Smuts vir Ballinger logistieke hulp, veral vervoer, belowe.[39] Daarby het die V.P. ook die druk op Ballinger verlig deur haar man se veldtog finansieël te steun. Hierdie hulp het 'n motor en £300 behels.[40] Die V.P. se optrede was, buiten vir Smuts en Ballinger se goeie verhouding, deur die praktiese partypolitiek gemotiveer. Dit was naamlik om te verhoed dat die N.P. sy meerderheid in die Volksraad ten koste van die V.P. kon vergroot. Die V.P. het dit dan ook onomwonde aan die bekende liberalis Rheinallt Jones gestel dat hulle alles in hul vermoë sou doen om die kieskringe van die N.P. te weerhou.[41] Hoe sterk die invloed van die blanke politiek op die verkiesing in die Oos-Kaap was, blyk daaruit dat, nieteenstaande herhaaldelike proteste van die twee kandidate dat hul onafhanklike kandidate was, die Engelssprekende pers na Schoeman as 'n Nasionalis verwys het, en die Afrikaanse pers weer vir Ballinger as 'n V.P.-kandidaat getipeer het.

Intussen het Schoeman onmiddellik na die aankondiging van sy kandidatuur weens die uitgestrektheid van die Oos-Kaapse kieskring en Ballinger se betrokkenheid in die Volksraad, met sy veldtog begin. Alhoewel daar slegs 4 746 geregistreerde kiesers in die Oos-Kaapse kieskring was, het die kieskring van Port Elizabeth in die suid-ooste, Aliwal-Noord in die noord-ooste, Knysna in die suid-weste, Willowmore in die weste en tot by Kuruman, Kimberley en Mafeking in die noord-weste gestrek, 'n area wat 54 magistraatsdistrikte ingesluit het. Die Oos-Kaap was die moeilikste kieskring om te betwis aangesien die kiesers eweredig oor die hele gebied versprei was. In die Transkei daarteenoor, was driekwart van die kiesers in Oos-Londen gesentreer, terwyl die Kaapse Skiereiland die swaartepunt van kiesers in die Wes-Kaapse kieskring gevorm het. Die verspreiding van die kiesers in die Oos-Kaap was soos volg: Port Elizabeth — 1 276; Queenswood — 516; Kimberley — 533; King Williams Town — 331; Fort Beaufort — 194; Uitenhage — 176; Albanië — 149; Peddie — 101; Victoria-Oos — 110; Graaff-Reinet — 138 en Cradock — 76. 'n Kleiner getal kiesers was oor distrikte soos byvoorbeeld Aberdeen (10), Alexandria (9), Hopetown (10), Knysna (2), Kuruman (37), Taungs (23), Richmond (3), Steynsburg (2) en Wil-

38. UW/Ballinger, B2.5.13: M. Ballinger — J.A. Calata, 8/9/1948; B2.5.27: M. Ballinger — W. Majola, 3/9/1948.
39. UW/Ballinger, B2.16.2. (Lêer 6): J. Greyling — J.A. Cull, 29/9/1948.
40. Universiteit van Kaapstad, W.G. Ballinger Papers: W.G. Ballinger — O.A. Oosthuizen, 8/10/1948 en 26/10/1948.
41. Universiteit van Kaapstad, O.D. Wollheim Papers: J.D. Rheinallt Jones — O.D. Wollheim, 23/9/1948.


KAAPSE NATURELLE-KIESKRINGE, 1948
N
Mafeking
OOS-
Kimberley
WES-KAAP
Aliwal-Noord
TRANSKEI
KAAP
Oos-Londen
Kaapstad
Port Elizabeth
Knysna
100 50 0 100 200 km
Bron: DB Molteno Papers, A54.1
IC

lowmore (4) versprei.[42]

Vir sy veldtog is Schoeman deur die N.P. van £300 en van 'n voorstellingsbrief aan die N.P. in die Oostelike Provinsie voorsien waarvolgens die party hom finansieeël moes steun en met enige ander hulp moes bystaan. Om sy politieke onervarendheid te neutraliseer het Schoeman vir minister Jansen gereeld geraadpleeg, wat hom oor politieke aangeleenthede geadviseer het. Die redaksie van die *Oosterlig*, die Oos-Kaapse mondstuk van die N.P., het intussen hul volle steun aan Schoeman toegesê en sy kandidatuur entoesiasties gepropageer.[43] Ncwana was weer sy verkiesingsagent wat, ongeag sy reputasie as 'n opportunis, tog 'n uitstekende organiseerder was. Tesame met Ncwana en een van sy oudstudente, Bill van Niekerk, het Schoeman entoesiasties die Oos-Kaap deurkruis om die beleid van apartheid te verkondig. Die sentrale tema van sy veldtog was dat in terme van apartheid die swartes in hulle eie gebied sou regeer met 'n eie nasionalisme, taal en kultuur[44] — dus heeltemal apart van die blanke. Dit moes die oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk wees. Schoeman se amptelike verkiesingsplatform was soos volg in sy verkiesingsmanifes en by vergaderings uiteengesit:

a) Apartheid word deur die Bybel geregverdig

b) Die beginsel van gelyke lone vir gelyke werk moes geld en die lone van die swartes in die Staatsdiens en Onderwys moes verhoog word

c) Industrieë in die platteland, veral in die swartes se gebiede, moes aangemoedig word

d) In hul eie gebiede moes die swartes hul eie dokters, onderwysers en magistrate hê met die uiteindelike onttrekking van blanke toesighouers. Die swartes moes selfregerend word in hul eie gebiede.

e) Geen gedwonge verskuiwings van swartes na Naturellegebiede sou plaasvind nie.

f) Geen afskaffing van die Naturelleverteenwoordigers moes plaasvind nie.

g) Swartes sou bewapen word tydens 'n oorlog.

h) Samewerking tussen wit en swart, moes 'n hoë prioriteit geniet.[45]

Sommige van Schoeman se uitlatings was 'n verleentheid vir die N.P. aangesien dit nie met die amptelike beleid van die party gestrook het nie. Die *Eastern Province Herald* het dan ook smalend na sommige van Schoeman se liberale uitlatings verwys deur te vra of die N.P. ook nou "kafferboeties" word.[46] So entoesiasties was Schoeman egter oor sy taak dat hy selfs die kritiese swart studente van die Universiteit van Fort Hare van die meriete van

42. *The Mercury*, King Williams Town, 16.10.1948: Cape Eastern — Union's Most Widely Scattered Constituency; M. Ballinger: *From Union to Apartheid*, p. 46, 383.
43. *Die Oosterlig*, 6.8.1948: Dr P.J. Schoeman Kandidaat in Oostelike Kaapland; *Die Oosterlig*, 6.8.1948: In die belang van die Naturel; Onderhoud met dr. P.J. Schoeman, 23.1.1987.
44. *Saturday Post*, 7.8.1948: Nat Move To Contest Native Seats Causes Surprise.
45. *Sunday Times*, 15.8.1948: Native Will Be Armed If War Comes. *Eastern Province Herald*, 27.9.1948: Advice for Africans. *Imvo Zabantsundu*, 16.10.1948: African Parliamentary Elections; VP/Unisa, Div. of Information N.P. Pamphlets, dr P.J. Schoeman se verkiesingsmanifes.
46. *Eastern Province Herald*, 12.8.1948: Kaffer-Boeties Too.

apartheid probeer oortuig het — iets waarin hy nie te suksesvol was nie.[47] Hierdie swart antagonisme en teenkanting teen apartheid sou tydens die verkiesing deurlopend na vore tree.

Ongeag die swartes se vyandigheid teenoor apartheid het Schoeman tog daarin geslaag om 'n netwerk van organiseerders of helpers oor die hele kieskring op te bou. So het hy verkiesingskomitees of verteenwoordigers in New Brighton, Korsten, Walmer, Peddie, Uitenhage, Queenstown, Beaconsfield, King Williams Town, Cradock, Glen Grey en Humansdorp gehad.[48] Heel ironies was in Cradock, die tuiste van eerwaarde J.A. Calata wat die sekretaris van die A.N.C. en 'n vriend van Ballinger was, Schoeman se sterkste komitee en het Calata 'n opdraende stryd gevoer.[49] Schoeman het selfs so ver gegaan om te beweer dat 150 swartes vrywillig aangebied het om hom behulpsaam te wees.[50] Alhoewel Schoeman beslis oordryf het, het hy tog 'n aantal ondersteuners gehad. Volgens Ballinger was dit egter slegs die sogenaamde "riff-raff" van die swart gemeenskap wat deur finansiële gewin gemotiveer was.

Volgens A.Z. Tshiwula het J.M. Xhalli, lid van die Cradockkomitee en A.M. Ngcayisa van die Walmerkomitee byvoorbeeld aan hom erken dat hul slegs om geldelike redes Schoeman gesteun het. Xhalli het selfs so ver gegaan om te sê dat hy Schoeman se geld sou aanvaar, maar nie vir hom sou stem nie. Ook in Cradock is beweer dat Schoeman sy steun verkry het deurdat die arm inwoners van die gebied vatbaar vir omkopery was.[51] Schoeman het later erken dat hy wel van finansiële gunste in ruil vir steun aan sy veldtog gebruik gemaak het, maar daarop gewys dat dit 'n erkende gebruik in die naturelleverkiesings was.[52] Hy het ook geïmpliseer dat Ballinger daarvan gebruik gemaak het. Die voorkoms van omkopery was wel 'n onaangename kenmerk van die verkiesing van Naturelleverteenwoordigers en het in 1948 veral in die Transkeise kieskring hoogty gevier.[53] Ballinger het dit egter as 'n beginselsaak beskou om nooit enige ondersteuning deur middel van omkopery te verkry nie.[54] Buiten die aanklag van omkopery was daar ook 'n bewering dat Schoeman se ondersteuners stories op die platteland versprei het dat D.F. Malan Schoeman se oom was en dat die swartes meer grond sou kry indien hul Schoeman sou steun.[55] Nie al Schoeman se ondersteuners is deur omkopery, soos deur Ballinger beweer, verkry nie, maar tálle swartes, veral die ouer geslag op die platteland, het werklik geglo dat apartheid tot hul voordeel sou wees.[56] Daarby het Schoeman weens sy gebruik van die swartes se taal ook indruk op hul gemaak. Boonop het hy hom met die griewe van die swartes geïdentifiseer en kon hulle daaroor in hul moedertaal met hom kommunikeer.[57]

In 'n verdere poging om die Schoeman-veldtog met die swartes te laat identifiseer,

47. Brief van P.V. Mbatha aan die *Saturday Post,* 9/10/1947.
48. V.P./Unisa, Div. of Information: N.P. Pamphlets, *Izwi Lama Afrika,* Verkiesingspamflet namens dr P.J. Schoeman deur Ncwana uitgereik.
49. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): J.A. Calata — M. Ballinger, 20.9.1948; B2.5.78, S.P. Sesedi — M. Ballinger, 6.10.1948.
50. *Die Oosterlig,* 12.11.1948: Gevaarlike Propaganda Onder Unie se Naturelle.
51. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula — M. Ballinger, 10.9.1948, 20.9.1948 en 29.9.1948; B2/5/13: B. Socengwo — M. Ballinger, 12.10.1948.
52. Onderhoud met dr P.J. Schoeman, 23.1.1987.
53. Persoonlike korrespondensie met dr O.D. Wollheim, 14.8.1986.
54. Vir Ballinger se houding teenoor omkopery kyk: "Margaret Ballinger Se Verkiesing In 1937 As Naturelleverteenwoordiger", (*Historia,* Nov. 1986), p. 70.
55. UW/Ballinger, B2.16.2. (Lêer 6): A.Z. Tshiwula — M. Ballinger, 20.9.1948.
56. *Die Oosterlig,* 12.11.1948: Gevaarlike Propaganda Onder Unie Se Naturelle.
57. UW/Ballinger, B2.5.18: S Joba — M. Ballinger, 18/5/1949.

het Ncwana 'n pamflet, *Izwi Lama Afrika* (The Voice of The Africans) op eie inisiatief in Schoeman se afwesigheid uitgereik. In die pamflet het Ncwana die voordele van apartheid uiteengesit. Klem is veral op die gedagte van die swarte se ontwikkeling en selfregering in sy eie grondgebied gelê. Ncwana het verder ook beweer dat die Naturelleverteenwoordiging in die Parlement slegs behou sou word indien die nasionaalgesinde kandidate verkies sou word. In die Xhosagedeelte van die pamflet het Ncwana weer 'n striemende aanval op alle vorige nie-N.P.-regerings geloods. Veral genl. Smuts is met mening aangeval oor gebeure soos die onluste van 1920 in Port Elizabeth, die botsing met die Israelietesekte, die Bondelswartsopstand en die staking van die mynwerkers in 1946.[58] Die pamflet is soos volg deur Ncwana afgesluit: "Stem vir die Afrikanerregering as julle jul eie regering wil hê."[59]

Hierdie pamflet sou egter die verhoudinge tussen Ncwana en Schoeman versuur aangesien Ncwana meer kopieë laat druk het as wat Schoeman kon bekostig. Daarby het Ncwana die blanke se integriteit te na gekom, iets wat deur Schoeman verbied was aangesien Jansen dit juis as een van die voorwaardes vir sy kandidatuur neergelê het. Schoeman is dan ook deur Jansen oor veral die aanvalle op genl. Smuts berispe.[60] Minister Jansen het rede tot ontevredenheid gehad, want die V.P. sou die N.P. genadeloos oor die pamflet in die Volksraad kasty.[61]

Terwyl Schoeman intens besig was met sy veldtog was Ballinger nog steeds in die Volksraad betrokke, vanwaar sy gepoog het om die verkiesing te voorkom deur Schoeman voor die nominasiedag, 15 September, met die oorweldigende swart steun vir haar eie kandidatuur af te skrik.[62] Hierdie plan het egter nie geslaag nie en beide Schoeman en Ballinger is amptelik genomineer.

Ballinger het egter 'n ontspanne houding ten opsigte van die verkiesing ingeneem. Sy het besef dat Schoeman eerder 'n steurnis as 'n werklike bedreiging was, en sy was seker van 'n oorwinning. Wat sy wel beoog het was 'n verpletterende oorwinning oor Schoeman om die swarte se verwerping van apartheid onomwonde aan die N.P. oor te dra. In haar eie woorde wou sy 'n "Grand Slam"-oorwinning behaal. Ballinger het selfs so ver gegaan om te dreig dat indien Schoeman nie sy deposito sou verbeur nie, sy dit as 'n mosie van wantroue in haar jarelange stryd vir swart vryheid sou sien.[63] Hierdie ongenaakbare houding teenoor Schoeman het Ballinger selfs in haar enkele ontmoetings met Schoeman laat blyk toe sy uiters kil teenoor hom was.[64]

Alhoewel Ballinger eers op 5 Oktober 1948 met haar veldtog begin het toe sy in Port Elizabeth gearriveer het om 'n vergadering in New Brighton toe te spreek, het haar verkiesingsmasjinerie alreeds voor nominasiedag momentum opgebou. In terme van haar houding dat dit die swartes se verkiesing was en hulle 'n uitspraak ten opsigte van apartheid moes lewer, het haar swart ondersteuners die veldtog onderneem. A.Z. Tshiwula, wie se organisatoriese vermoëns vir Ballinger se verkiesing in 1937 verantwoordelik was, is weer

58. VP/Unisa, Div. of Information: N.P. Pamphlets, Izwi Lama Afrika.
59. Debatte van die Volksraad 1949, Kol. 145.
60. *The Star*, 5.2.1949: Dr Schoeman Explains How Xosa Election Pamphlet Came To Be Issued; Onderhoud met dr P.J. Schoeman, 23.1.1987.
61. Debatte van die Volksraad 1949, Kol. 143—145; P. van der Byl: The Shadows Lengthen, pp. 81—82.
62. UW/Ballinger, B2.5.37: M. Ballinger — Dr Bokwe, 31/8/1948; B2.5.28. M. Ballinger — S.P. Sesedi, 13/8/1948.
63. M. Ballinger: *From Union To Apartheid*, p. 383; UW/Ballinger, B2.5.21: M. Ballinger — A.W. Ranana, 5/10/1948; B2.16.2 (Lêer 6): M. Ballinger — A.Z. Tshiwula, 12.8.1948.
64. Onderhoud met P.J. Schoeman, 23/1/1987.

as haar verkiesingsagent aangestel.[65] Hierdie keer het Tshiwula hom slegs tot die Port Elizabeth-omgewing bepaal en as koördineerder vir die hele veldtog opgetree met die res van die kieskring wat aan sub-agente toegewys is. So is die Cradock-omgewing aan Calata toevertrou, Graaff-Reinet en omgewing aan A.W. Ranana, 'n onderwyser, terwyl Middeldrift aan dr R.T. Bokwe se bekwame leiding toegewys is. G.N. Hayward, die V.P. se L.V. vir Port Elizabeth-distrik, het weer verantwoordelikheid vir Jansenville, Steytlerville en Willowmore aanvaar, C.A. Sigila vir Beaufort-Wes, W. Majola vir Keiskammahoek. S.P. Sesedi, 'n onderwyser met lang verlof, het weer verantwoordelikheid vir Kimberley, Mafeking, Vryburg, Kuruman en Taungs aanvaar. Ander helpers was J.T. Scott, 'n blanke, vir Somerset-Oos, T. Gaboutloeloe in Mafeking, P.E. Ngziki in Albanie en Bathurst, eerw. Skomolo in Colesberg en eerw. G.B. Molefe en M. Zwide in Port Elizabeth. Buiten die gemelde name was daar nog talle ander werkers en helpers tot in die kleinste gehuggies wat die Ballingervaandel uitgedra het. Hulle was almal bekwame werkers wat met vaardigheid die verkiesing namens Ballinger gevoer het deur byvoorbeeld vergaderings namens haar te hou, praktiese reëlings te tref soos byvoorbeeld vervoer en die swart kieser in die algemeen te motiveer om haar te steun. Onder sulke omstandighede kon Ballinger met 'n geruste hart 'n ontspanne houding teenoor die verkiesing inneem.[66]

Buiten haar netwerk van organiseerders is daar ook verskeie kieserverenigings gevorm om steun vir Ballinger te mobiliseer, soos byvoorbeeld in Port Alfred, en die "Kimberley African Voters Association" in Kimberley.

Gemotiveer deur haar suksesvolle vergadering in New Brighton en Walmer op 5 Oktober [67] het Ballinger met 'n toer deur die kieskring begin. Haar vergadering in Korsten, Port Elizabeth, het egter in wanorde geëindig weens die optrede van Schoeman se ondersteuners. Na 'n besoek aan Uitenhage het sy King William's Town vir die bywoning van die amptelike opening van die Ciskeise Bunga deur minister Jansen besoek, 'n funksie wat ook deur Schoeman bygewoon is. Tydens sy rede het Jansen nie soos gewoonlik die tradisionele neutrale toespraak namens die Kroon gelewer nie, maar so ver gegaan om die kandidatuur van Schoeman by die raadslede aan te beveel.[68] Of Jansen se aanbeveling enige gewig by die raadslede gedra het is te betwyfel, maar Ballinger het wel van die geleentheid gebruik gemaak om die raadslede ná die opening privaat te ontmoet.[69] Na haar besoek aan King Williams Town het Ballinger haar slegs op die nuwe gebiede in terme van die herafbakening toegespits en gehoop dat haar reputasie in die ouer gebiede van die kieskring voldoende sou wees[70] om haar daar van genoeg steun te verseker. Met die hulp van die V.P. wat haar van vervoer voorsien het, het Ballinger dan ook die bygevoegde plekke soos Cradock, Somerset-Oos en Graaff-Reinet besoek.[71] Groot gedeeltes van die kieskring is

---

65. UW/Ballinger, B2.5.29 (Lêer 1): M. Ballinger — die verkiesingsbeampte, 20.9.1948.
66. Vir Ballinger se korrespondensie met haar onderskeie verteenwoordigers, kyk na: B2.16.2 (Lêer 6); B2.5.13 (Cradock); B2.5.21 (Graaff-Reinet); B2.5.37 (Middeldrift); B2.5.46 (Port Alfred); B2.5.18 (Fort Beaufort); B2.5.27 (Keiskamma Hoek); B2.5.78 (Kimberley); B2.5.36 (Mafeking).
    *Eastern Province Herald,* 6.10.1948: No hopes of Increased Liberties; *Umteteli wa Bantu,* 23.10.1948: Mrs Ballinger Opens Campaign. *The South African Outlook,* 1.11.1948: Not in his best form, surely?
    *The Mercury,* King Williams Town, 14.10.1948: Dr Jansen Promises Full Government Support of Zwelitscha; Dr Jansen's Speech (red. kommentaar); *Die Oosterlig,* 8.10.1948: Bloutjie Geloop in Korsten.
69. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): M. Ballinger — die onderskeie raadslede, 5.10.1948.
70. *Ibid.*, M. Ballinger — G.B. Molife, 17.9.1948.
71. *Ibid.*, J. Greyling — J.A. Cull, 29.9.1948.

egter nie besoek nie en haar veldtog het nooit dieselfde peil van intensiteit as in die 1937-verkiesing bereik nie.

Ongeag die lae intensiteit van die veldtog was haar onkoste weens die uitgestrektheid van die kieskring nogtans hoog en sou dit 'n totaal van £276 beloop.[72] Dit was 'n enorme bedrag in 'n tydperk toe 'n L.V. se inkomste ongeveer £800 per jaar beloop het.

'n Belangrike kenmerk van die verkiesing was die groot rol wat blankes in Ballinger se verkiesingsveldtog gespeel het. Sy het byvoorbeeld gemengde verkiesingskomitees van blank en swart in Grahamstad, Port Alfred en Queenstown gehad. Buiten die reeds gemelde bydrae van Hayward en Scott het blankes soos mev Elliot en mev Lewis van Kimberley, mev E. Doyle van Keiskammahoek, J.G.F. Moult, die L.P.R. vir die Wes-Kaapse kieskring, Hugh Parker, L.P.R. vir Port Elizabeth-Suid en G. Dolley, voormalige V.P.-L.V. vir Uitenhage, groot bydraes tot haar veldtog gelewer.[73] Ballinger het hul deelname geregverdig deur te verklaar dat die stryd teen apartheid 'n stryd van nasionale belang was waarin sowel blank as swart moes deelneem. Volgens haar sou dit ook help om 'n brug tussen en swart te bou.[74]

## Die apartheidsideologie in die verkiesingstryd

Intussen was daar 'n bittere ideologiese stryd tussen die swartes oor apartheid. Dit was 'n konflik tussen diegene wat apartheid gesteun het, naamlik Ncwana en sy volgelinge, en die oorgrote meerderheid wat dit weer verwerp het. Buiten die pamflette het Ncwana byvoorbeeld briewe aan die *Oosterlig* geskryf waarin hy sy volle vertroue en geloof in die beleid van apartheid uitgespreek het.[75] Selfs J.G. Ndulula, 'n ou bondgenoot van Ballinger en nou Schoeman-ondersteuner, het in 'n brief 'n beroep op swartes gedoen om die N.P. te steun.[76] Ncwana en sy volgelinge het verder so ver gegaan om namens die swartes van Port Elizabeth 'n mosie van vertroue in apartheid te aanvaar en dit tesame met 'n belofte van lojaliteit persoonlik aan die Premier, dr D.F. Malan, by die Kaaplandse N.P.-kongres oor te dra.[77] Vir die oorgrote meerderheid swartes was Ncwana en sy meelopers egter verraaiers en is die mosie van vertroue in apartheid minagtend verwerp. Ncwana is dan ook skerp deur Calata en die *Umteteli wa Bantu* aangeval weens sy assosiasie met apartheid.[78] In die swart gemeenskappe is ook druk op die Schoeman-ondersteuners geplaas om hul van sy kandidatuur te distansieer. Heelwat sukses is met hierdie veldtog behaal en 'n aantal individue het hul aan Schoeman se verkiesingskomitees onttrek. In Walmer het selfs die hele komitee bedank en hul steun aan Ballinger toegesê.[79] Die stryd tussen die ondersteuners van Schoeman en Ballinger was so fel dat een van Schoeman se helpers ernstig met 'n mes deur 'n Ballingerondersteuner verwond is.[80]

72. *Ibid.*, Return of Election Expenses.
73. *Ibid.*, M. Ballinger — A.Z. Tshiwula, 17.9.1948; B2.5.27: E. Doyle — M. Ballinger, 11.9.1948; B2.5.78: S.P. Sejedi — M. Ballinger, 28.10.1948.
74. UW/Ballinger, B2.5.21: M. Ballinger — A.W. Ranana, 5.10.1948.
75. *Die Oosterlig*, 9.11.1948: Naturel Se Vertroue In 'n Beleid van Apartheid.
76. *Saturday Post*, 18.9.1948: Want Natives to back Nationalists.
77. *Die Oosterlig*, 29.10.1948: Naturelle se adres aan Eerste Minister.
78. *Umteteli wa Bantu*, 6.11.1948: Mr Bennet Ncwana on the Warpath; *Eastern Province Herald*, 7.10.1948: Africans and Apartheid; *Eastern Province Herald*, 1.11.1948: Native view of Apartheid.
79. *Eastern Province Herald*, 20.10.1948: Dr Schoeman's Manifesto; *Umteteli wa Bantu*, 6.11.1948: Not on the Committee; UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): G.B. Molefe — M. Ballinger, 28.10.1948.
80. *Die Oosterlig*, 12.11.1948: Gevaarlike propaganda onder Unie se Naturelle.

Die intense gevoel van swart weersin in apartheid was van so 'n aard dat alle planne om die verkiesing te boikot uit verset teen die gebrekkige politieke regte van swartes, ter syde gestel is. W.M. Tsotsi, 'n prominente lid van die "All-African Convention" (A.A.C.), 'n organisasie wat vasbeslote was om die verkiesing te boikot, het gevrees dat slegs Schoeman by 'n boikot kon baat deurdat hy moontlik daardeur verkies kon word en hy het hom gevolglik teen 'n boikot uitgespreek.[81] Aan die positiewe kant is entoesiasme vir die verkiesing ook verder opgebou deur Ballinger se voorstellingsbrief en verkiesingsmanifes aan die geregistreerde kiesers. Hierin het sy die swartes op haar rekord as 'n kampvegter vir hul regte gewys en 'n stiemende aanval op apartheid geloods. Volgens Ballinger sou apartheid die swarte slegs tot die permanente posisie van 'n onderdrukte en minderwaardige burger beperk. Verder het sy met groot effek haar doelwitte as sy verkies sou word, uiteengesit:

a) Die swarte se reg tot vryheid van blanke oorheersing met die vrye keuse waar of wanneer hy wil werk.

b) Die reg vir swartes om grond te koop of te huur volgens hul vermoëns.

c) Die ontwikkeling van Naturellereservate.

d) Die beëindiging van die trekarbeidstelsel.

e) Vrye en verpligte onderwys.

f) Pensioene vir swartes.

g) Verteenwoordiging van swartes op die gemeenskaplike kieserslys en die uitbreiding van die Kaapse stemreg na die noordelike provinsies.[82]

### Verkiesingstrategie

Net soos in die verkiesing van 1937 het Ballinger veral op die swart vroue, haar geheime wapen soos Tshiwula dit gestel het, gekonsentreer.[83] Die rede was eenvoudig dat die vrouens 'n groot invloed op hul mans uitgeoefen het om vir Ballinger te stem. Daarby het die "National Council of Women" (N.C.W.) ook vir Ballinger ten volle gesteun en deur middel van die swart vrouens steun vir haar verwerf. Die invloed van hierdie organisasie was so sterk dat Ballinger volgens Schoeman in sommige plekke nie eens die swart kiesers nie, maar die plaaslike tak van die N.C.W. toegespreek het.[84]

Schoeman het intussen met die hulp van Bill van Niekerk onverpoosd voortgegaan met sy eie veldtog. Hy het hom persoonlik op die Kimberley-Kuruman-Mafeking-area met die aktiewe steun van die plaaslike N.P. in die vorm van geld en vervoer, toegespits, terwyl Ncwana hom op die Port Elizabeth-omgewing gesentreer het.[85] Ongeag Schoeman

81. *The Bantu World*, 3.1.1948: A.A.C. Resolves to boycott Elections; *Guardian*, 4.11.1948: Boycott Policy Helps Nat Candidates; UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A Z Tshiwula — Margaret Ballinger, 10.9.1948.
82. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): Verkiesingsmanifes van M. Ballinger; B2.5.78: Brief van Ballinger aan alle kiesers, 25.9.1948.
83. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): A.Z. Tshiwula — M. Ballinger, 10.9.1948.
84. *Die Oosterlig*, 12.11.1948: Gevaarlike Propaganda onder Unie se Naturelle.
85. UW/Ballinger, B2.5.78: S.P. Sesedi — M. Ballinger, 2.10.1948 en 28.10.1948.

se durf en entoesiasme (volgens hom het hy ongeveer 150 vergaderings toegespreek en 13 000 myl in die kieskring gereis), kon hy nie 'n impak op die kiesers maak nie weens die swartes se antagonisme teenoor apartheid. Nieteenstaande sy opregte besorgdheid oor die swarte se belange is Schoeman by die meeste vergaderings vyandig ontvang. Tydens 'n vergadering in Kimberley moes 28 speurders die byeenkoms na talle dreigemente bywoon om enige moeilikheid te voorkom. Verder was daar talle ander struikelblokke wat Schoeman se veldtog bemoeilik het. So het die Engelse pers, wat 'n groot leserskring onder die swartes gehad het, Ballinger ten volle gesteun. Sommige blanke werkgewers het volgens Schoeman weer hul arbeiders deur dreigemente van afdanking geïntimideer om hom nie te steun nie. Verder het die sendingskole na bewering ook 'n belangrike rol deur middel van sogenaamde boerehaat-taktieke teen die N.P. in die verkiesing vertolk. Alhoewel Schoeman moontlik van die struikelblokke oordryf het, het hy beslis 'n onbenydenswaardige taak as 'n apartheidskandidaat gehad.[86]

Op die vooraand van die verkiesing op 17 November was die Ballinger-kamp slaggereed met 'n geoliede verkiesingsorganisasie om die kiesers by die stembus te kry. Dit was ook ooglopend dat Ballinger die verkiesing met gemak sou wen en die vraag was eerder of Schoeman sy deposito sou behou. Tog het 'n optimistiese Schoeman tot en met die tel van die stemme geglo dat hy kon wen.

Op die verkiesingsdag het die verkiesingsmasjinerie en die persoon van Ballinger daarvoor gesorg dat entoesiastiese kiesers na die stembusse gestroom het. Hier het veral die effektiewe vervoerreëlings van Ballinger se organiseerders 'n belangrike rol vertolk. Die effektiwiteit van Ballinger se organisasie blyk daaruit dat die Oos-Kaap se stempersentasie van 69% die hoogste vir die 1948-naturelleverkiesing was. Dit het dan ook vinnig geblyk dat Ballinger op 'n reuse-oorwinning afgestuur het, alhoewel Schoeman se organiseerders beweer het dat van sy ondersteuners geïntimideer is om nie te stem nie.[87]

## Die uitslag en die reperkussies

Weens die uitgestrektheid van die kieskring is die stemtelling eers teen 23 November 1948 afgehandel[88] met Ballinger as 'n gemaklike oorwinnaar. Die amptelike uitslag was soos volg:

| | |
|---|---|
| V.M.L. Ballinger | 2 920 |
| P.J. Schoeman | 222[89] |

Weens sy lae stemtotaal het Schoeman sy deposito verloor.

Die uitslag was 'n verpletterende nederlaag vir Schoeman en veral vir die apartheidsfilosofie. Nooit weer sou die N.P. of enige ander persoon vir Ballinger tydens 'n verkiesing tot die uiteindelike afskaffing van naturelleverteenwoordigers in 1959, opponeer nie. In hierdie tydperk was sy onder moeilike omstandighede een van die bekwaamste lede van die Volksraad en 'n permanente doring in die N.P. se vlees weens haar stryd vir die swarte se regte. Die belangrikste gevolg van die verkiesing was egter die aanduiding

86. *Die Oosterlig,* 12.11.1948: Gevaarlike Propaganda onder Unie se Naturelle; UW/Ballinger, B2.5.78: S.P. Sesedi — M. Ballinger, 20.9.1948.
87. *Die Oosterlig,* 19.11.1948: Naturelle Beskou Stelsel as Nutteloos en uitgedien; *Daily Representative,* 17.11.1948: Natives go to polls today; UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 6): Zwide — M. Ballinger, 30.11.1948.
88. UW/Ballinger, B2.16.2 (Lêer 4): Verkiesingsbeampte aan M. Ballinger, 12.11.1948.
89. *Die Staatskoerant,* 3 Desember 1948, p. 767.

dat apartheid (in sy totaliteit) vir die Suid-Afrikaanse swarte totaal onaanvaarbaar was. Gepaardgaande daarmee het Schoeman en die ander N.P.-kandidate se vernederende neerlae die lot van die Naturelleverteenwoordigers verseël en het die regering slegs vir die regte geleentheid gewag om van hierdie gedugte opponente van apartheid ontslae te raak. Hierdie geleentheid het met die *Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur* in 1959 na vore getree toe die Naturelleverteenwoordigers ten einde laaste uit die Parlement verwyder is.